

## DIE 3 REUSE WAT DAWID LAAT STRUIKEL HET

As dit nie vir 'n biddende vrou was, wat dikwels die Geestelike oorlog om my kop vir my veg nie, sou ek al 'n paar maal in my lewe REUSE foute gemaak het, wat nie net my eie lewe nie, maar die van 'n klomp mense kon verwoes het en aan die een kant voel ek baie sleg hieroor, maar aan die anderkant is die probleem met die tipe goed dat dit gewoonlik redelik maklik is om in ander mense se lewens raak te sien, maar dikwels byna onmoontlik is om in die spieël te sien wanneer jy na jou eie lewe kyk.

So hoewel vandag se boodskap oor 'n gebeurtenis in Dawid se lewe gaan, is dit baie nader aan die huis as wat julle moontlik mag dink.

Dawid was egter nie so gelukkig soos ek nie – hy het inderdaad gestruikel en die rede hoekom ons na hierdie spesifieke insident in Dawid se lewe gaan kyk, is omdat dit hoogs relevant vir ons almal se lewens is, want ons almal beland die een of ander tyd in dieselfde omstandighede of situasie as Dawid.

### HIER IS WAT ONS LEER UIT DAWID SE VERHAAL:

Ons is op ons gevaarlikste wanneer ons ALLEEN/GEÏSOLEERD en/of KWAAD en/of BANG voel.

Hierdie 3 kondisies of emosies (*noem dit wat jy wil, maar ons het dit almal al beleef*) het die potensiaal om selfs die mees toegewyde, gedissiplineerdste tussen ons te ondermyn, want **die weë van die Here** lyk die minste aantreklik en selfs irrelevant, wanneer ons alleen of kwaad of bang, of 'n kombinasie van die drie is –

Daarom het hierdie 3 kondisies die vermoë om ons deur enige grense wat ons vir onself gestel het, hetsy moreel, eties, fisies, finansiële en selfs verhoudingsgrense te laat breek.

Een van hierdie 3, of dalk 'n kombinasie van hierdie 3 toestande vorm ook deel van jou grootste spyt.

En ongelukkig gaan een van hierdie 3 heel moontlik ook deel wees van iets waaroor jy in die toekoms gaan spyt wees.

**HOEKOM?** Wanneer ons alleen of bang of kwaad is voel ons genoodsaak OM IETS TE DOEN!  
- (*om die spanning te verlig*)

Ons neem dinge in ons eie hande en ongelukkig, as 'n resultaat daarvan raak dinge gewoonlik nie beter nie, dit raak erger en ons maak nie ons lewens minder gekompliseerd nie, intendeel – ons kompliseer dit meer.

## **NOU VIR DAWID .....**

Dawid het 2 monumentale foute in sy lewe gehad. Die een was in sy 50's, nadat hy koning geword het en wat baie bekend is, maar die een waarna ons vandag gaan kyk het plaasgevind toe hy omtrent 22 was. Hy is nie baie bekend hiervoor nie, maar dis sekerlik een van die mees dramatiese stories in die ou Testament.

### Agtergrond:

Nadat Dawid vir Goliath verslaan word hy oornag een van die beroemdste mense in Israel. Hy raak 'n absolute legende en wat hedendaags as Superster beskryf sou kon word.

Saul was Israel se eerste koning, maar BAIE BAIE onseker van homself – hy was *'insecure'*. Die koning besef hierdie jong man het skielik baie mag en invloed en hy begin Dawid as 'n bedreiging beskou.

Oor tyd raak Dawid verlief op een van Saul se dogters, Mikal en hulle trou. Hy raak ook boesemvriende met Saul se seun, Jonathan.

By tye het Saul probeer om van Dawid ontslae raak deur hom op hierdie onmoontlike sendings teen die Filistyne te stuur, MAAR elke keer kom Dawid lewendig en suksesvol terug en almal raak net nog lief vir hom.

Later het Saul probeer om Dawid in die geheim te laat arresteer, maar elke keer het Mikal of Jonathan hom gehelp om te ontglip en dit laat die frustrasie opbou en opbou en dit alles eskaleer tot 'n gebeurtenis een aand.

Aandete met die koning was 'n groot okkasie in antieke tye. Aandete was die hoof ete van die dag en om aan die koning se tafel te sit was 'n besondere eer. Maar in die laaste paar jare van turbulensie het Dawid gereeld aandete gemis. Saul sou gereeld uitvra en Jonatan sou vir hom 'cover'. Totdat Saul dit een aand, toe Dawid weer afwesig is dit totaal verloor en ontplof.

*"Saul was kwaad vir Jonatan, hy het gesê: "Jy is soos die seun van 'n slegte en ontrou vrou! Ek weet jy wil vir die seun van Isai help teen my. Jy het jou eie naam en jou ma se naam sleg gemaak. Want jy sal nie koning kan word terwyl die seun van Isai lewe nie. Stuur nou dadelik manne om hom te gaan haal, hy moet sterf!"*

### **1 Samuel 20:30-31**

Jonatan gaan na Dawid toe en sê vir hom dat hy liewers moet weggaan, maar nie net uit die dorp uit nie, sommer uit die land uit, want Saul gaan nie rus voor hy hom gevind en doodgemaak het nie.

Dawid was 22 jaar oud en skielik:

- Vrees hy vir sy lewe;
- Hy is alleen – verwerp deur die koning en volk vir wie hy oor en oor sy lewe gewaag het – en in die spesifieke geval het hy NIKS VERKEERD gedoen nie, en daarom is hy
- Kwaad

En as gevolg daarvan doen hy wat baie van ons doen wanneer ons alleen en bang voel:

Hy raak PANIEKERIG en hy NEEM DINGE IN SY EIE HANDE.

En in die proses verloor hy iets uit die oog - hy verloor uit die oog **DAT DIE HERE BY HOM IS.**

Rede hoekom hy skrik is omdat Dawid gewoonlik met 1000 persoonlike soldate gereis het. Jy het hom gehoor aankom. Maar skielik is Dawid alleen en hy lyk bietjie senuweeagtig en Agimelek wonder: *Wat gaan aan?*

### 1 Sam 21:

- 1 *Dawid het in Nob by priester Agimelek aangekom. Agimelek het groot geskrik toe hy Dawid sien en vir hom gevra: “Hoekom kom jy alleen hier aan sonder iemand by jou?”*
- 2 *Dawid sê toe vir priester Agimelek: “Die koning het my gestuur, maar hy het gesê ek mag vir niemand vertel waarheen hy my stuur en wat hy vir my gesê het nie. Ek sal my manskappe op ’n sekere plek kry.*

Dawid antwoord en hy JOK! Dawid is teen leuens – Dawid was lief vir die Wet en ken dit uit sy kop uit. Hy is ’n Jood, wat so lief is vir God dat hy vir Hom gedigte skryf - Hoekom jok hy?  
**Wel dis eenvoudig: Hy is BANG en alleen en as ons geïsoleerd, bang en kwaad is – VERLOOR ONS DIE WEE VAN DIE HERE UIT DIE OOG.**

**En hierdie leuen, alhoewel dit soos ‘n klein ‘wit’ leuentjie lyk, sou baie DUUR gevolge hê, maar nie vir Dawid nie. Hierdie leuen het vir Agimelek en sy HELE familie hulle lewens gekos.**

Die storie gaan voort.....

Agimelek moes dink: Dis vreemd! Die koning se skoonseun – leier van die lyfwagte is op ‘n geheime sending, maar alleen, sonder kos?

- 3 *Maar sê my, wat het jy wat ‘n mens kan eet? Gee my so vyf brode of wat jy ook al het.”*
- 4 *Die priester sê toe vir Dawid: “Ek het nie gewone brood nie, net tempelbrood. ....*

Was geag heilige brood, so jy moes serimonieël rein gewees het om van dié brood te eet.

- 5 *“Die manne is rein soos altyd wanneer ons gaan oorlog maak. Al is hierdie ‘n gewone ding wat ons moet gaan doen, is die manne vir seker rein.”*
- 6 *Die priester gee toe vir hom die tempelbrood.....,*

So nou het Dawid nie net gejoj oor hoekom hy daar is nie, hy het ook gejoj om kos in die hande te kry.

Dit laat 'n mens wonder ..... as jy na Dawid se voorafgaande jare kyk – wat het geword van die Dawid wat gesê het:

*Here, ek is heeltemal van U afhanklik. Ek kyk op na U.*

*My God, op U vertrou ek. ....*

*Hulle wat op U hoop, sal nooit teleurgesteld wees nie.*

**NOU RAAK DIE VERHAAL BAIE INTENS** – daar is net soveel DRAMA in wat nou volg en my gebed is dat die Here in hierdie drama nou **MET JOU** gaan praat. ....

8 *Dawid vra toe vir Agimelek: “Het jy nie dalk ’n spies of ’n swaard hier nie? Die koning het my so haastig gestuur, ek kon nie eers my spies of swaard of ander wapens vat nie.”*

Nou moes ons eintlik dramatiese agtergrond musiek gehad het .....

Dawid word letterlik TERUGGENEEM IN TYD – tot by die spesifieke gebeurtenis wat God gebruik het om hom te lanseer in sy roemryke loopbaan.

Hierdie is sy ‘WORD WAKKERRRRR DAWID!’- oomblik.

Sy ‘WAT OP AARDE HET EK GEDINK’ – oomblik

Hierdie is oomblik toe sy oë moes oopgaan, MAAR hy mis dit !

Dawid vra vir ‘n swaard – kyk wat gebeur nou:

9 *Die priester antwoord hom: “Goliat, die Filistyn wat jy in Eikelaagte doodgemaak het, se swaard is hier.*

Kan jy jou indink.....? Jy het 'n swaard / spies nodig ! en die enigste swaard wat daar is, is die een wat JY gebruik het die dag toe jy 'n reus onthoof het en die persoon geword het vir wie ons almal lief is en selfs vrees.

*Die Skrif leer ons dat toe Dawid die dag vir Goliat verslaan het, hy sy swaard as 'n aandenking gehou het (wie sou nie?)*

*Hy het dit later uit dankbaarheid aan die Here toegewy deur dit vir die Hoë Priesters te gee.*

*Dit was sy manier om te sê: “Here ek erken dat dit nie ek was wat hierdie reus verslaan het nie, maar U. Dat ek nie myself teen hierdie wapen gered het nie, maar dat U my gered het.*

***Daar was net soveel emosie en belangrikheid in die simboliek van hierdie swaard.***

Dawid word skielik herinner aan die middag toe hy die onmoontlike reggekry het – kan jy dit indink? Al daardie herinneringe wat moes terugkom toe Agimelek daardie swaard uitbring.

**MAAR WAT HET GEWORD VAN DAARDIE DAPPER, SKAAPWAGTER SEUN VOL GELOOF?**

*Wat daardie ervare, veglustige reus in die oë gekyk het en gesê het: ‘Jy kom na my toe met ’n swaard en ’n spies, maar ek kom na jou toe in die naam van die magtige Here, vandag gaan die Here jou aan my oorgee en ek gaan jou neerslaan en jou kop afkap. Dan sal die hele Israel weet dat die Here nie swaarde en spiese nodig het om mee te red nie.’*

**WAT HET VAN HOM GEWORD?**

**WAT HET GEWORD VAN DIE SEUN WAT NA GEVAAR TOE GEHARLOOP HET in plaas van om weg te hardloop.**

**DIE ANTWOORD IS: VREES, ALLEENHEID EN WOEDE**

**Hierdie 3 reuse het die vermoë om ons te laat vergeet van die reuse wat ons al in die verlede verslaan het.**

En hoewel Dawid 'N BUITENGEWONE 'REMINDER' kry – 'n visuele hulpmiddel om hom te herinner aan God se getrouheid en krag in sy verlede – MIS HY DIT!

*As jy dit wil hê, kan jy dit kry. Dis die enigste swaard wat hier is."*

*"Daar is nie nóg so 'n swaard nie," sê Dawid. "Gee hom vir my."*

Dawid neem letterlik dinge in sy eie hande. 'n Verkeerde reaksie, met soos ons nou nou gaan sien ramspoedige gevolge.

Hierdie sou 'n besluit word wat Dawid vir die res van sy lewe berou – iets wat permanent sou deel word van die storie van sy lewe.

En dit is waar die storie van ons lewens se RAAKPUNTE met die storie van Dawid begin:

**Is dit nie so dat wanneer ons die Here die nodigste het, ons dikwels die minste geneig is om in sy rigting te leun nie. Wanneer ons God die nodigste het is ons dikwels geneig om weg van Hom af te hardloop in plaas van na hom toe.**

Dawid weet hy moet die land verlaat – raai net waarheen gaan hy:

- Hy gaan na die land van die Filistyne – (*met Goliat se swaard*) – MAAR: dit eindig nie daar nie:
- Hy gaan na die stad GAT – raai wie was van Gat? *Dit sal Goliat wees.*  
HY IS PANIEKERIG!
- Hy sê vir koning Akis van Gat dat hy by hulle weermag wil aansluit en teen sy eie mense veg, maar hulle glo hom nie. *'Jy is Dawid, almal weet wie Dawid is – jy het Goliat doodgemaak – jy dra sy swaard om hemels naam!'*
- So nou is hy omring deur sy vyande – wat maak hy nou? Dawid begin om te maak of hy mal is. Hy krap met sy naels in hout deure en laat kwyl oor sy baard loop – *julle moet julle Bybels lees – dis alles in die Bybel.*
- Koning Akis van Gat sê hy het genoeg mal mense in sy koninkryk en hulle gooi Dawid uit en hy vlug en gaan bly in 'n GROT, want hy weet nie wat om te doen nie en hy voel bang en hy is kwaad (*hy verdien niks hiervan nie*) en hy is alleen.

Dawid kom uiteindelik tot inkeer en hy gaan terug na sy land toe. Hy vind 'n profeet en sê vir hom – ek het regtig drooggemaak en ek wil weet wat God se wil is vir my – sal jy die Here namens my soek en vir my lei in die raad van die Here.

Die probleem was: Die SKADE was klaar gedoen.

Toe Dawid by Agimelek was en brood en 'n swaard gesoek het was daar nog iemand:

7 *Een van Saul se werkers was daardie dag ook om die een of ander rede in die tempel. Sy naam was Doëg. Hy het uit Edom gekom en was die baas van Saul se skaapwagters.*

Hy het na Saul toe gegaan en aan hom vertel dat Dawid by die Hoë Priester was vir advies en dat Agimelek kant gekies het vir Dawid teen Saul en nie net dit nie maar dat Agimelek ook sy vyand Dawid kos gegee het en hom bewapen het.

Die koning is woedend en hy laat Agimelek en sy hele familie kom.

13 *Saul sê vir hom: "Hoekom het julle teen my planne gemaak, jy en daardie seun van Isai? Jy het vir hom kos gegee en 'n swaard en toe nog vir God ook gevra wat hy moet doen. Nou wag hy net sy kans af om teen my in opstand te kom. ...."*

**TOTAAL UIT DIE VELD GESLAAN !!!** Waarvan praat ? Almal weet Dawid is sy mees lojale en getroue dienskneg.

14 *Agimelek antwoord die koning: "Maar, U Majesteit, wie van al u werkers is so getrou soos Dawid, u eie skoonseun, hoof van u lyfwag, iemand vir wie almal in die paleis respek het? ..... U Majesteit moet asseblief nie hierdie dienaar van u of sy familie van enigiets beskuldig nie, want ek het heeltemal niks geweet van hierdie hele saak nie."*

**Maar koning Saul wil niks weet nie:**

16 *"Jy moet doodgemaak word, Agimelek, jy en jou hele familie," antwoord die koning.*

Uiteindelik laat Saul nie net Agimelek en sy hele familie doodmaak nie, maar beveel sy manne:

19 *Hy het ook alles in Nob, die dorpie waar die priesters gebly het, doodgemaak: mans en vroue, kinders, babatjies, beeste, donkies, skape en bokke. Almal is voor die voet met swaarde doodgesteek.*

Byna niks en niemand het die slagting oorleef nie, maar een van Agimelek se seuns het weggekom. Hy vlug na Dawid toe en vertel vir Dawid die hele storie. Dawid se reaksie ... ? Dawid is gebroke:

*"Daardie dag in die tempel toe Doëg, die Edomiet, daar was, het ek voor my siel geweet hy gaan dit vir Saul vertel.*

**ÉK MOET DIE SKULD KRY VIR WAT MET JOU FAMILIE GEBEUR HET.**

Dawid was verantwoordelik vir die dood van 'n hele gemeenskap. Want as ons dinge in ons eie hande neem voel dit soms op daardie oomblik goed, maar dit eindig NOOIT goed nie.

Ek wil vir jou 3 of 4 vrae vra om jou te laat dink hoe die storie van Dawid met jou lewe skakel, want dis iets wat die een of ander tyd met ons almal gebeur.

Daar is in ons almal se lewe 'n tyd wanneer woede, of 'n gevoel van alleenheid / isolasie of vrees ons gaan druk om te oorweeg om goed te doen, wat ons voor ons siel weet ons nie eers behoort te oorweeg nie:

So hier is die vrae:

- **WAT** laat jou alleenheid, vrees of woede jou oorweeg, wat jy nog nooit te vore oorweeg het nie – verhoudingsgewys, finansieel, fisies?

*Miskien 'n ou gewoonte wat jou ure, maande, jare gevat het en baie geld gekos het om af te lê – skielik dink jy om dit weer te begin;*

- **WIE** laat jou alleenheid, vrees of woede jou oorweeg, wat jy nie behoort te oorweeg nie?

*Jy het nog nooit gedink aan terugbel nie, maar jy oorweeg dit nou. Hy/sy het dit nog altyd duidelik gemaak daar is iets en jy het dit nog altyd geïgnoreer, maar as gevolg van wat in jou lewe aangaan is dit skielik 'n lewendige opsie – en jy weet jy weet dat jy dit nie behoort te doen nie.*

**EN HIER IS DIE WORD WAKKER VRAAG** – die een wat Dawid gemis het en ons verstaan dit – hy was 22 jaar oud en alleen, maar dis my gebed dat dit vandag jou wakker skud vraag sal wees.

- **WIE BEHALWE JY PLAAS JOU OORWEGINGS OP RISIKO?** Hierdie opsies wat nog nooit opsies was nie – wie behalwe jy plaas dit op risiko.

Wie nog se toekoms plaas jou persoonlike besluit om in te gee in die weegskaal?

En ek weet reeds wat die antwoord vir jou lewe is:

**DIE MENSE VIR WIE JY DIE LIEFSTE IS EN DIE MENSE WAT JOU DIE LIEFSTE HET.**

EEN LAASTE VRAAG:

**WAT SE ADVIES SOU JY GEE AAN IEMAND ANDERS WAT IN JOU POSISIE IS?** Want is dit nie waar nie – as dit iemand anders is, is dit so duidelik – jy het heel moontlik op hierdie oomblik vriende wat op die punt staan om 'SWAK' besluite te neem gebaseer op woede, vrees, miskien gebaseer op 'n gevoel van verwerping – en jy dink:

*'Moet dit nie doen nie! Julle gaan dit net meer ingewikkeld maak, julle gaan net meer spyt veroorsaak!'*

Maar hoekom is dit amper onmoontlik om dit in die spieël te sien:

### Want ons oortuig onself:

'As God by my was, sou hierdie in die eerste plek nie met my gebeur het nie'.

### En dan begin dink ons:

"Dat my situasie anders is en dat jy in elk geval nie sal verstaan nie."

### Maar weet jy wat:

Jy is 'n baie unieke en spesiale persoon, maar dit wat jy nou beleef is nie uniek of spesiaal nie.

Jy is enig in jou soort, maar jou ondervinding is nie enig in sy soort nie.

Die interessante ding van die laaste vraag is dat ons weet wat se advies Dawid vir ons sou gegee het, nie die 22 jaar oud Dawid nie, maar die ervare en volwasse koning Dawid, wat terugkyk oor sy lewe en konteks en ondervinding het.

### Psalm 9:

**THE LORD is a refuge** – nie een of ander chemiese middel, nie alkohol, nie 'n affair, nie 'n ander persoon, nie 'n nuwe motor of 'n nuwe huis of iets wat jy op skuld kan koop nie.  
DIE HERE - DIE HERE is 'n toevlug vir die wat onderdruk is.

9 *The LORD is a refuge for the oppressed, a stronghold in times of trouble.*

'n 'stronghold' is 'n veilige plek waarheen mense gevlug het in tye van oorlog en waar hulle veilig was teen hulle vyande.

**Die Here is die plek waarheen ons hardloop en die verhouding waarheen ons hardloop wanneer jy onderdruk voel, wanneer daar tye van moeilikheid is.**

Dawid sou vir ons sê:

Ek het 'skuiling gesoek in my vermoë om dinge te beheer en die uitkoms was 'n tragedie en 'n gemors.

Hy sou verder vir ons sê:

10 *Those who know your name trust in you, for you, LORD, have **never forsaken** those who seek you.*

10 *Die Here beskerm elkeen wat swaarkry.  
In die grootste nood kan hulle by Hom skuil.*

11 *Almal wat U ken, vertrou op U.  
U laat mense wat U soek en van U afhanklik is, nooit in die steek nie.*

Dawid het in daardie oomblik gevoel die Here het hom in die steek gelaat, maar toe hy terugkyk het hy agtergekom hy was verkeerd. Hy het 'n fout gemaak en nou vra hy vir my en vir jou:

**MOENIE DAARDIE SELFDE FOUT MAAK NIE!**

Ongeveer 'n 1000 jaar later het Dawid se beroemdste afstammeling 'n klompie bang, kwaad, alleen en oorbelaste Israëliete in die oë gekyk en hier is wat Hy vir hulle gesê het:

Jesus plaas homself in daardie plek en in plaas van "The Lord is a Refuge" nooi Hy ons en sê: "Kom na MY toe .... !"

28 "Kom na My toe, julle almal wat moeg is en swaar laste moet dra, en Ek sal julle lewens verkwik.

Dawid wil vir jou sê: "Moenie weghardloop nie, toe Agimelek daardie swaard van Goliat uitgebring het, moes ek onthou het.

Moenie dinge in jou eie hande probeer neem nie, intendeel, moenie beweeg voor jy nie gelei word nie.

#### DAWID EN JESUS SELF WIL VIR JOU SÊ:

Wanneer jy alleen en verlate voel, is jy verkeerd en maak jy 'n fout.

*The LORD is a refuge for the oppressed, YOUR stronghold in times of trouble.*

**XxXxX**